# Laerskool Stellenbosch

## Gedragskode vir opvoeders

**GEDRAGSKODE VIR OPVOEDERS**

- Opvoeders moet altyd professioneel en beleefd optree teenoor kollegas, leerders, ouers en besoekers.
- Opvoeders moet nie op leerders skree of sarkasties teenoor hulle optree nie.
- Opvoeders moet nie leerders voor hul maats verkleineer of afkraak nie.
- Leerders mag opvoeders op hul voorname noem, mits hulle meneer/juffrou voor die voornaam gebruik.
- Opvoeders wat van mekaar verskil, moet dit nie voor leerders doen nie, maar in ‘n private hoedanigheid waar hulle alleen is.
- Opvoeders moet betyds vir sportoefeninge, wedstryde aanmeld.
- Opvoeders moet betyds by dienspunte en soggens vir personeelopening wees.
- Opvoeders mag nie sit en klasgee nie.
- Opvoeders mag nie tydens klastyd op hul selfoon praat of sms nie.
- Parkeerplekke onder afdakke is vir aangewese opvoeders, ander kan enige ander plek parkeer.
- Opvoeders mag nie die rekenaars in Carpe Diem vir private aangeleenthede gebruik nie, slegs die in die rekenaarlokaal, na skoolure.
- Opvoeders mag nie kougom in klastyd, tydens sportoefeninge of voor leerders kou nie

**KLEREDRAG**

- Opvoeders moet so ver as moontlik te alle tye netjies en smaakvol geklee wees.
- Opvoeders moet met kleredrag as voorbeeld vir die leerders dien.
- Opvoeders mag nie denims dra nie.
- Opvoeders mag op ‘n Woensdag, wanneer hulle in sportperiode afrig, met ‘n skoolsweetpak skool toe kom.
- Opvoeders mag ook skool toe kom met ‘n skoolsweetpak wanneer sy/haar span daardie dag ‘n wedstryd speel.
- Mans mag in die somer ‘n khaki-kleurige kortbroek dra, wat met ‘n gordel vasmaak. Hulle moet ‘n gholfhemp met ‘n kraag daarby dra.
- Manspersoneel se hemde moet te alle tye ingesteek wees.
- Mans hoef nie das of baadjie tydens wintermaande te dra nie, maar wel ‘n netjiese langbroek en ‘n kraaghemp.
- Geen opvoeder mag plakkies of crocks as skoene dra nie.
- Opvoeders wat sport afrig moet dit in sportdrag doen.
- Mans mag nie in ‘n langbroek ‘n rugbywedstryd blaas nie.

**PROGRESSIEWE DISSIPLINE**

| **Aard van misdryf** | **Aksie** |
|---|---|
| **A. Baie ernstige oortredings:** | **Eerste oortreding** |
| Diefstal, korrupsie, omkopery | Dissiplinêre verhoor |
| Aanranding van personeel, opvoeder, werker | Dissiplinêre verhoor |
| Seksuele verhouding met leerder | Dissiplinêre verhoor |
| Seksuele teistering teenoor kollega, leerder, werker. | Dissiplinêre verhoor |
| Onwettige besit van dwelms. | Dissiplinêre verhoor |
| **B. Ernstige oortredings:** | |
| Versuim om procedures of beleid na te kom. | Dissiplinêre verhoor |
| Diefstal van skooleiendom, nalatigheid teenoor skooleiendom. | Dissiplinêre verhoor |
| Ernstige nalatigheid. | Dissiplinêre verhoor |
| Lyfstraf toedien. | Dissiplinêre verhoor |
| Dreig met fisieke geweld. | Dissiplinêre verhoor |
| Rassistiese aanmerkings. | Dissiplinêre verhoor |
| Veiligheid van ander in gevaar stel. | Dissiplinêre verhoor |
| Insubordinasie. | Dissiplinêre verhoor |
| Finansiële nalatigheid. | Dissiplinêre verhoor |
| Onder invloed van drank en dwelms. | Dissiplinêre verhoor |
| Deelname aan onwettige staking. | Dissiplinêre verhoor |
| Afwesigheid sonder verlof. | Dissiplinêre verhoor |
| **C. Minder ernstige oortredings:** | |
| Uitlek van konfidensiële inligting. | Skriftelike waarskuwing |
| Private aktiwiteite tydens skoolure. | Skriftelike waarskuwing |
| Verlies van skooleiendom. | Skriftelike waarskuwing |
| Gereelde afwesigheid met swak verskonings. | Skriftelike waarskuwing |
| Ignoreer veiligheids- en sekuriteitsmaatreëls. | Skriftelike waarskuwing |
| Gereelde laatkom. | Skriftelike waarskuwing |
| Rook in verbode gebied. | Mondelinge waarskuwing |
| Onprofessionele optrede. | Mondelinge waarskuwing |
| Swak nasorg, nakom van dienste. | Mondelinge waarskuwing |
| Verlaat werk vroeg, sonder toestemming. | Mondelinge waarskuwing |
| Ruik na drank. | Mondelinge waarskuwing |

AANVAAR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM OP 25 FEBRUARIE 2010

_____ _____

VOORSITTER SEKRETARESSE

_____

SKOOLHOOF

# Dienskontrak

## Ooreenkoms aangegaan deur en tussen:

## Die Beheerliggaam, Laerskool Stellenbosch

Endlerstraat, Stellenbosch 7600

(hierna “die werkgewer”)

en

……. (naam)

(Identiteitsnommer: ……)

van:

…… (adres)

(hierna “die werknemer”)

## 1. Die Werknemer

1.1 aanvaar diens in die betrekking vanaf die aanvangsdatum en teen die verdienste wat, saam met ‘n kort en algemene posbeskrywing, in bylae A verskyn en wat ‘n integrale deel van hierdie dienskontrak is en bevestig uitdruklik dat geen voorstelling ten opsigte van die hernuwing van hierdie ooreenkoms na verstryking daarvan, of die voortsetting van sy/haar dienste aan die wergewer na verstryking van die termyn in klousule 1 van Bylae A genoem op ‘n direkte of indirekte wyse deur die werkgewer of enige persoon namens die werkgewer gemaak is nie, en dat geen sodanige verwagting by hom/haar bestaan nie;

1.2 sal eerlike, lojale en produktiewe diens aan die werkgewer lewer;

1.3 onderneem om die belange en beeld van die werkgewer met sy algemene gedrag, voorkoms, gesindheid en optrede teenoor mede-werknemers (eweknie, ondergeskik en in gesag), leerlinge asook buitestaanders wat in werksverband met die werknemer skakel, binne sowel as buite werksverband te bevorder.

1.4 bevestig dat sy aanstelling vir ‘n proefperiode van drie maande is waartydens die dienskontrak met twee weke skriftelike kennis aan beide kante beëindig mag word;

1.5 word ‘n permanente werknemer vir ‘n bepaalde periode soos ooreengekom en beskryf in bylae A na verstryking van die proefperiode indien die proefperiode nie verleng of die dienskontrak daartydens beeïndig word nie, waarna die dienskontrak met vier weke skriftelike kennis wedersyds beeïndig kan word;

1.6 magtig die werkgewer om alle bedrae van sy vergoeding af te trek wat van owerheidsweë verlang of voorgeskryf word, ingevolge wetgewing gemagtig word, by ooreenkoms vasgestel is of die balans verteenwoordig van enige geldbedrag wat met diensbeeïndiging aan die werkgewer verskuldig mag wees;

1.7 sal, benewens werk wat met sy pos verband hou, ook daardie werk doen wat binne sy vermoë val en wat in billikheid deur die werkgewer van hom verlang word;

1.8 hou by die werkure wat die werkgewer van tyd tot tyd vasstel;

1.9 stem saam om werk buite normale ure te doen wanneer dit in die belang van die werkgewer voorgeskryf of verlang word;

1.10 bevestig dat die werkgewer se dissiplinêre kode en prosedure en grieweprosedure (waarin hy insae kan kry), asook die werkgewer se algemene werkreëls deel van die dienskontrak is;

1.11 aanvaar dat die werkgewer die algemene werkreëls mag aanvul of wysig, indien dit nie sy regte as werknemer op ‘n betekenisvolle manier nadelig aantas nie;

1.12 is op gewone verlof en siekteverlof ooreenkomstig die bepalings van bylae A geregtig;

1.13 aanvaar dat hy tydelik of permanent intern of na ander afdelings verskuif mag word;

1.14 onderneem om, wanneer dit van hom verlang word, enige mediese of sielkundige ondersoek deur ‘n geregistreerde praktisyn, wat deur die werkgewer aangewys en vergoed sal word, te ondergaan en bevestig dat die diagnose, voorgestelde behandeling en prognose aan die werkgewer bekend gemaak mag word wanneer die praktisyn dit in sy belang ag;

1.15 sedeer alle regte op immateriële goed wat wetlik beskerm kan word onherroeplik sonder teenwaarde aan die werkgewer, indien dit in sy hoedanigheid as werknemer tot stand gebring word of met sy pligte as werknemer verband hou;

1.16 bevestig dat hy nie binne of buite werksverband direk of indirek vir gewin of teen vergoeding in geld of andersins, sonder die voorafverkreë skriftelike magtiging van die

1.17 werkgewer, wat sonder opgaaf van redes weerhou mag word, op enige manier by enige ander onderneming betrokke mag wees nie;

1.18 sal tydens die duur van die dienskontrak en na die beeïndiging daarvan (ongeag die rede vir of die manier waarop die dienskontrak beeïndig is) geen inligting, waartoe hy uit sy werk toegang het of gehad het, sonder die magtiging van die werkgewer aan enige derde openbaar nie, behalwe wanneer die werkgewer dit in werksverband van hom verlang of hy regtens daartoe verplig is;

1.19 neem nie op so ‘n manier aan optogte, politieke en verwante bedrywighede deel dat dit die goeie naam en werfkrag van die werkgewer kan benadeel nie;

1.20 weet dat die werkgewer deelname aan sport, asook kulturele, opvoedkundige, godsdienstige en soortgelyke gemeenskapsaktiwiteite aanmoedig, maar onderneem om nie so daaraan deel te neem dat sy werk daaronder kan ly nie.

## 2. Die Werkgewer

2.1 bevestig dat sy werknemers vir hom baie belangrik is;

2.2 streef daarna om die werkomgewing binne perke van redelikheid aangenaam en veilig te hou en aan ‘n goeie verhouding tussen werkgewer en werknemer te bou;

2.3 stel die werknemer ooreenkomstig die voorgaande aan;

2.4 betaal die werknemer die vergoeding waarop ooreengekom is;

2.5 sal wetgewing of voorskrifte van owerheidsweë wat op die diensverhouding betrekking het, billik nakom;

2.6 kom die werkreëls, kodes en prosedures billik na;

2.7 wysig die bogenoemde periodiek om billik by verandering aan te pas, en

2.8 aanvaar die voordele van die sessie in 1.17.

## 3. Die Partye

3.1 kom ooreen dat hierdie skriftelike kontrak en die dokumente wat by verwysing hierby ingelyf word, die enigste kernbron van die inhoud van hulle ooreenkoms is en dat geen wysiging van enige van die stukke, wat hierby aangeheg of by verwysing deel van die kontrak is, regskrag sal hê tensy dit op skrif gestel en voor die inwerkingtreding daarvan bekend gemaak word nie;

3.2 kies elk die adres teenoor sy naam as sy gekose domicilium;

3.3 kom ooreen om geen nywerheidsoptrede strydig met die bepalings van die Wet op Arbeidsverhoudinge teen die ander te neem of aan te moedig nie;

3.4 weet dat ‘n verwysing na die manlike in hierdie kontrak as ‘n verwysing na die vroulike gelees word, waar die werknemer ‘n vrou is en ‘n verwysing op die werknemer slaan;

3.5 aanvaar dat geen toegewing deur enige van die partye aan die ander op afstanddoening van enige reg uit hierdie kontrak neerkom of ‘n wysiging van die kontrak daar sal stel nie; en

3.6 bevestig dat, wanneer enige gebiedende wetsbepaling of voorskrif bots met enige bepaling in hierdie kontrak, daardie bepaling tussen hulle sal geld sonder dat dit die regsgeldigheid van die res van hierdie ooreenkoms sal beïnvloed.

Geteken te _____ op die _____ dag van _____ 2009

As getuies:

1. _____
2. _____

_____

Werknemer

Geteken te _____ op die _____ dag van _____2009

As getuies:

1. _____

2. _____

_____

Werkgewer